

# St. Bonaventura

## 15 Julie

(1221-1274)

Die heilige Bonaventura se bydrae tot die Franciskaner-orde en die Kerk ewenaar dié van sy rolmodel, Sint Franciskus van Assisi. Sy uitsonderlike talente, geweldige intellek en werklus het hy geheel en al in diens gestel van sy liefde vir sy Here en Heiland. Hy skryf talle geestelike en teologiese werke en word op ’n jong ouderdom verkies tot owerste-generaal van die Franciskane. Dit was sy taak om dié jong orde deur die moeilike beginjare met baie groeipyne te lei. Later word hy aangestel as aartsbiskop van Albano en hy sterf tydens die Kerk Konsilie van Lyon.

© Die Oratorium Uitgewery